

## BETHELSDORP c.1890—1945: VERSTEDELIKINGSVERSKYNSELS IN 'N PERIFERIEGEBIED\*

A. Appel  
Universiteit van Port Elizabeth

### SUMMARY

#### Bethelsdorp c.1890—1945: Urbanisation phenomena in a peripheral area

Although this former missionary institution was a peri-urban area during the period under discussion, it did indeed experience the effect of the urbanisation process in Port Elizabeth. This can be seen on two levels: reality and perception. Being on the fringe of an expanding city, Bethelsdorp served as an early 20th century refuge for Coloureds and Blacks who either could not or preferred not to obtain controlled and more expensive housing within the municipal area. Migration to a place of residence at greater distance from the urban working place had thus become a personal choice for many before apartheid legislation institutionalised it into an urban pattern. The well-known urban slums did not develop in the Bethelsdorp settlement. Nevertheless, the increasing influx did create mounting pressure on the existing residential and hygienic facilities and services. The financial and administrative inability of first the Council of Supervisors and then the Local Board, as town councils, to cope effectively with the situation elicited negative comments on the settlement. But seen in a comparative perspective, much of this was impressionistic and formulated exclusively in terms of White urban interests, reminding of a "sanitation syndrome" kind of response.

Dorp- en stedelike ontwikkeling gedurende die eerste helfte van die 19de eeu in Suid-Afrika was 'n natuurlike uitvloeisel van toenemende menslike bedrywigheede. Selfs gedurende die voor-industriële tydperk, soos byvoorbeeld 1806—60, het die stigting van dorpe tienvoudig toegeneem.<sup>1</sup> Maar verstedeliking, in die konvensionele betekenis van die begrip, het werklik eers as 'n ingrypend sosio-ekonomiese proses op dreef gekom sedert die aanvang van die mynboutydperk teen die begin van die 1870's en die gepaardgaande industrialisering. Dit het demografiese veranderinge ontketen wat toenemende getalle van alle bevolkingsgroepe na stedelike gebiede laat migreer het. Weliswaar het dit groter afmetinge onder Blankes as by Swartmense, Bruinmense en Asiërs aangeneem.<sup>2</sup> Hierdie struk-

---

\*Finansiële ondersteuning deur die RGN van die navorsing waarop hierdie artikel berus, word hiermee erken.

1. A.J. Christopher, *Southern Africa* (Folkstone, 1976), p. 87 en fig. 25, p. 88.
2. Vgl. D. Welsh, "The Growth of Towns" in M. Wilson and L.M. Thompson, (eds), *The Oxford History of South Africa*, vol. II (London, 1971), pp. 172—243; J.J. Booysen, "Bevolkingsverhoudinge binne Suid-Afrika", in F.A. van Jaarsveld (red), *Verstedeliking in Suid-Afrika* (Pretoria, 1985), pp. 16—20.

tuurverandering in die Suid-Afrikaanse samelewing het, soos ook elders in die wêreld, 'n dinamiese interaksie tussen ekonomiese, demografiese en sosiologiese faktore bewerkstellig as gevolg waarvan die tradisionele leefwêreld van 'n toenemende deel van die bevolking blywend en verreikend omvorm is.

Vir die doeleindes van hierdie kort studie sal enkele aspekte van die uitwerking van die verstedelikingsproses in Port Elizabeth op 'n eertydse landelike gebied, t.w. die Bethelsdorpse nedersetting, ondersoek word. Aangesien 'n breedvoerige behandeling onmoontlik is, sal die bevolkingsituasie, behuising en gesondheidstoestand behandeling word. Terwyl die skerp styging in bevolkingsgetalle van die vroeë 1890's as aanknopingspunt geneem word, dien die inlywing van die gebied onder die jurisdiksie van die Port Elizabethse afdelingsraad in 1945 as afsluitingspunt. Voor 1965 het hierdie nedersetting buite die munisipale grense van Port Elizabeth geval. Daarom word dit as 'n periferiegebied beskou.

Die institusionele ontwikkeling van hierdie eertyds omstrede sendingstasie,<sup>3</sup> soos ook dié van Dysselsdorp, Pacaltsdorp en Zuurbraak, is beslissend beïnvloed deur die "London Missionary Society's Institutions Act" van 1873 waarkragtens die sekulêre gesag van die sendeling finaal beëindig, private grondbesit geskep en 'n jaarliks verkose dorpsbestuur (die Raad van Opsieners) ingestel is. Botsende grondaansprake tussen die Londense Sendingegnootskap (L.S.G.) en die Congregational Union of South Africa (C.U.S.A.) het in 1921 tot die "Bethelsdorp Skikkingswet" gelei. Daarin het onder andere die veranderde demografiese situasie wetlik neerslag gevind deurdat alle grondaankope voortaan vir slegs Bruin- en Swartmense gereserveer is. Terselfdertyd is 'n nuwe, verkleinde en deels benoemde dorpsbestuur, bekend as die Plaaslike Raad, geskep. Soos reeds genoem, het die insluiting van hierdie nedersetting as 'n Plaaslike Gebied onder die Port Elizabethse afdelingsraad in 1945 alle vorme van bestuursselfstandigheid beëindig. Intussen het vier verskillende dorpies, nl. die oorspronklike Bethelsdorp, Kleinskool en Veeplaas (albei langs die Klein-Swartkopsrivier) en Missionvale (langs die soutpan) ontwikkel, elk met sy eie weliswaar beperkte dienste. So ver bekend, het die gebiedsintegriteit van die studiegebied sedert die eerste opmeting daarvan in 1813 tot 1945 ongeskonde gebly, behalwe vir die inrigting van twee uitspanplekke daarop gedurende die 1860's.

Reeds gedurende die kwarteeu wat die begin van minerale-ontginning voorafgegaan het, was Port Elizabeth 'n gevestigde en ontwikkelende kommersiële en residensiële dienssentrum.<sup>4</sup> Gedurende 1864, byvoorbeeld, het die waarde van uitvoere deur hierdie hawe soveel as 75% van die totale koloniale uitvoere verteenwoordig, terwyl dié syfer 'n dekade later 69% was. Ook die bevolkingstatistiek weerspieël die voortgesette uitbreiding van die stad tot minstens die helfte van die 20ste eeu:<sup>5</sup>

3. Vir 'n oorsig van die vroeë jare kyk A.J.F. Meijers, "Die Geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830" (Ongep. M.A., UPE, 1972). Vir 'n breedvoerige behandeling van 'n daaropvolgende tydperk kyk A. Appel, "Bethelsdorp, 1825—1945: van Sendingstasie tot Stadsperiferie", Ongep. verslag, UPE, 1987.
4. A. Appel, "Port Elizabeth, c.1855—1875: enkele sosio-ekonomiese aspekte", *S.A. Historiese Joernaal*, nr. 16, 1984, pp. 101—117; P. Swart, "Die Munisipale Ontwikkeling van Port Elizabeth 1845 tot 1860" (Ongep. M.A., UPE, 1986).
5. Die vlg. sensusverslae: A.14-1857(1855), G..20-1866(1865), G.42-1876(1875), G.6-1892(1891), G.19-1905(1904), U.G. 15-1923(1921), U.G.21-1938(1936), U.G.51-1949(1946).

*BEVOLKING VAN P.E. (STAD), 1855—1946*

	<i>Getal</i>	<i>% Toename</i>
1855	4 793	
1865	10 773	124,8
1875	13 049	21,1
1891	23 266	78,3
1904	32 959	41,7
1921	52 753	60,1
1936	109 824	108,2
1946	147 907	34,7

Maar die stad het inderdaad ook die fluktuasies van die Suid-Afrikaanse ekonomiese lewe ervaar. Saam met die res van die land is dit ernstig deur die depressie van die 1880's getref deurdat byvoorbeeld in 1885 uit- en invoere deur Algoabaai met onderskeidelik 27% en 14% gedaal het.<sup>6</sup> Voorts het die brutowaarde van die opbrengs van alle ondernemings tussen 1929/1930 en 1932/1933 met 31% gedaal, om egter van laasgenoemde jaar tot 1935/1936 weer met 109% te styg.<sup>7</sup> Dit kan aanvaar word dat die genoemde vermeerdering in bevolking grootliks in die lig van verstedeliking verstaan moet word. Aanduiding hiervan is die toename van 59% in die getal Swart werkers in die private vervaardigingsnywerheid tussen 1924/1925 en 1936/1937, asook 'n styging in die Bruin en Swart bevolkingsgetalle gedurende 1891—1946 met ongeveer 540% en 1075% onderskeidelik.<sup>8</sup> Onder die druk van hierdie ekonomiese en demografiese faktore is die munisipale grense geleidelik uitgebrei sodat gedurende 1923 die stad en die Bethelsdorpe nedersetting vir die eerste keer 'n gemeenskaplike grens gekry het. Daarmee het ons studiegebied op die stadsperiferie beland.

Dit is uit grafiek 1 en 2<sup>9</sup> duidelik dat die 19de-eeuse demografiese situasie in die Bethelsdorpe nedersetting sedert ongeveer 1890 ingrypend verander het. Enersyds het 'n feitlik ononderbroke bevolkingstoename begin deurdat hierdie grootliks landelike nedersetting met 333 inwoners in 1891 tot 'n buitestedelike gebied met 'n bevolking van 6 603 in 1946 gegroei het. Dit verteenwoordig 'n styging van 1883% teenoor dié van 536% vir die stedelike gebied gedurende dieselfde tydperk. Andersyds het die veranderende demografiese werklikheid in 'n ingrypende wysiging van die samestelling van die bevolking neers-

6. A. Mabin, "The Making of Colonial Capitalism: Intensification and Expansion in the Economic Geography of the Cape Colony, 1854—1899" (Unp. Ph.D., UWITS, 1977/84), p. 196. Kyk ook daar pp. 189—198 vir 'n oorsig van die algemene ekonomiese toestande in Port Elizabeth. A. Appel, *Die Oosterlig, 1937—1948: 'n Pershistoriese Studie* (UPE, Navorsinspublikasie C23, 1985), p. 5.
8. S.T. van der Horst, *Native Labour in South Africa* (London, 1971), p. 263 en die sensusverslae in verw. 5 genoem; P. Smit en J.J. Booysen, *Swart Verstedeliking: Proses, Patroon en Strategie* (Instituut vir Plurale Samelewings, UP, 1981), hfst. 2, gee 'n uiters bruikbare algemene historiese perspektief. Kyk ook daar pp. 38—39, o.a. fig. 12 en tabel 4.
9. Dit is op die volende bronne gebaseer: *Reports of the L.M.S. Directors, 1830—1852; Master and Servant: addenda to the documents on the working of the Order in Council ...*, 1849; die vlg. sensusverslae: G.20-1866(1865), G.42-1876(1875), G.6-1892(1891), G.19-1905(1904), U.G.15-1923(1921), U.G.21-1938(1936), U.G.51-1949(1946); Sentrale Argiefbewaarpark, Pretoria(SA), JUS 24 lêer 2/232/10(1915); *Minute of the [P.E.] Mayor, 1927(1926)*; SA GES 909 lêer 620/13(1932-1935, 1937—1940) en lêer 620/13A(1941—1942, 1944); Kaapse Argiefbewaarpark (KA), 3/BTP 2/1/9 lêer U3(1943). Alle verdere bevolkingstatistiek en berekeninge, tensy anders vermeld, berus op hierdie bronne.

lag gevind. Terwyl die Bruinmense, as historiese inwoners, teen 1891 nog 84% en die Swartmense slegs 15% van die totale bevolking gevorm het, het hierdie komponente teen 1946 tot 47% en 49%, onderskeidelik, verander. Hierdie proses het baie groter afmetinge aangeneem as in die Suid-Afrikaanse bevolking oor die algemeen waar die persentuele bydrae van die Bruinmense tot die totale stedelike bevolking tussen 1904 en 1951 met slegs 5% gedaal het.<sup>10</sup>

Totdat meer navorsing oor die demografiese en sosio-ekonomiese ontwikkeling in die metropolitaanse gebied van Port Elizabeth gedurende die onderhawige tydperk gedoen is, moet aanvaar word dat hierdie veranderende bevolkingstoestande in Bethelsdorp binne die raamwerk van die verstedelingsproses verstaan moet word. Die bou van 'n spoorweg-aansluiting met die hooflyn vanaf die stad na die noorde sedert die begin van die 1870's, uitbreiding van uitvoere wat hawe-ontwikkeling gestimuleer het en die algemene behoeftes van 'n groeiende stad het die vraag na ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid laat toeneem.<sup>11</sup> Ongetwyfeld het die welbekende patroon sigself ook in ons studiegebied voltrek waar in die vroeë stadium van verstedeliking landelik-stedelike migrasie 'n groter aandeel as natuurlike aanwas in die groei van die stedelike bevolkingsgetalle het.<sup>12</sup> Berekeninge toon aan dat die verstedelingsvlak van die Suid-Afrikaanse Swartmense teen 1946 tussen 21,6% en 24,1% was, sodat selfs tot 1970 nog migrasie 'n aansienlike bydrae tot die toename van die Swart stedelike bevolking gelewer het. Daarteenoor was die verstedelingsvlak van die Bruin bevolking teen 1946 ongeveer 62%.<sup>13</sup> Klaarblyklik moet die toename in laasgenoemde stedelike bevolking gedurende die eerste helfte van die huidige eeu dus in 'n mindere mate aan landelik-stedelike migrasie toegeskryf word, 'n proses wat heel waarskynlik ook op Bethelsdorp van toepassing was.

Die feit van immigrasie na die Bethelsdorpse nedersetting kan nie betwyfel word nie; slegs die omvang daarvan en die oorsprong van die immigrante is onseker en deels onbekend. 'n Metodologiese probleem moet egter hier genoem word. Tot September 1934 het slegs Bruinmense in die onderskeie dorpsbesture gedien. Gevolglik vertoon hulle bestuursdokumente<sup>14</sup> 'n baie groter gevoeligheid vir die aanwesigheid van vreemde Swartes binne die nedersetting as vir Bruin immigrante. Dit is dus moeilik om die posisie van laasgenoemdes te bepaal. Gedurende die laaste dekade van die 19de eeu<sup>15</sup> het Swart intrekkers dan ook reaksie by die Raad van Opsieners uitgelok onder andere omdat hulle sonder toestemming die weiding op die meent, 'n uitsluitlike voorreg van die grondeienaars of wettige huurders van erwe, gebruik het.<sup>16</sup> Aan die begin van 1909 is in die Port

10. J.L. Sadie, "Demografiese Aspekte van die Kleurlingbevolking", *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Julie 1945, p. 35.

11. Van der Horst, *Native Labour*, pp. 86—88 94—96, 142—144, 234—240, 256—266.

12. W.P. Mostert, P.C. Kok, J.L. van Tonder en J.A. van Zyl, *Demografiese Implikasies van Alternatiewe Migrasiesenario's met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Swart Bevolking* (RGN-verslag S-133, Pretoria, 1985), p. 13.


13. Sadie, "Demografiese Aspekte", p. 34, tabel 15; Mostert (e.a.), *Demografiese Implikasies*, p. 12, tabel 1.3; P.S. Hattingsh en J.J. Olivier, "Swart Verstedeliking in Suid-Afrika: 'n Fasemodel van Prosesse en Ruimtelike Strukture" in F.A. van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, p. 30, tabel 2; J.J. Booysen, "Bevolkingsverhoudinge binne Suid-Afrika" in Van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking*, p. 19, fig. 2.

14. In KA: Archives of (a) The Chairman, Council of Supervisors, Bethelsdorp, 1890—1922, (b) The Secretary, Local Board, Bethelsdorp, 1922—1945 (3/BTP).

15. Oënskynlik is ook die "Council of Supervisors" se dokumente, saam met dié van die kerkraad, in die brand van 1890 verwoes.

16. In KA, 3/BTP 1/1-2 Council Minutes, Des. 1890 — Jun. 1911 is etlike voorbeelde daarvan.

## UITBREIDING VAN P.E. MUNISIPALE GEBIED, 1897 - 1931



1897

1923

1931

## BETHELSDORPNEDERSETTING

B BETHELSDORP

K KLEINSKOOI

M MISSIONVALE

V VEEPLAAS

Elizabethse afdelingsraad na die plakkers in die nedersetting verwys.<sup>17</sup> Die toepassing van die "Native Locations Amendment Act" (no. 30/1899) en die "Private Locations Act" (no. 32/1909) ook op Bethelsdorp is een van die sekerste getuienisse van die invloed van Swart immigrante. Kragtens hierdie wette moes elke grondeienaar 'n lisensie vir alle nie-*bona fide* werkers op sy eiendom uitneem, 'n praktyk wat tot 1936 (toe dié wet vervang is) voortgeduur het.<sup>18</sup> Dit is egter duidelik dat die getal uitgereikte lisensies nie 'n aanduiding van die omvang van hierdie immigrantebevolking gee nie. Terwyl in 1923 by twee geleenthede na 13 en 15 lisensies verwys is, het terselfdertyd talle ongelisensieerde "private lokasies" ter sprake gekom.<sup>19</sup> Aan die einde van 1931 het dr. L. Fourie, assistent-gesondheidsbeampte van die Departement van Gesondheid, in sy verslag oor toestande in Bethelsdorp na die teenwoordigheid van 'n "large uncontrolled" Swart bevolking verwys.<sup>20</sup>

Voorts dui heelwat getuienis<sup>21</sup> daarop dat die insluiting van Korsten binne die munisipale grense gedurende 1931<sup>22</sup> en die daaropvolgende krotopruiing deur die stadsraad daar 'n regstreekse bydrae tot die stygende bevolkingsgetalle in Bethelsdorp gelewer het. As gevolg van die opgradering van Korsten wat beter maar duurder huisvesting geskep het, asook die beheerde verblyf in New Brighton, sedert Augustus 1923 onder munisipale bestuur, het talle mense eerder oor die stadsgrense na die Bethelsdorpse gebied getrek waar die goedkoopste tipe huisvesting oënskynlik feitlik onbeheerd opgerig kon word. Gevolglik is baie van die Korsten "shacks" eenvoudig as "hovels" in Veeplaas herbou. Alhoewel geen getuienis daarvoor bekend is nie, is dit heel waarskynlik dat die uitbreiding van die munisipale grense reeds gedurende 1923 deels, indien nie grootliks nie, verantwoordelik was vir die skerp styging van die bevolkingsgetalle in die studiegebied teen die middel van die twintigerjare (grafiek 1). Sodoende het 'n interessante intrastedelike migrasiepatroon<sup>23</sup> die demografiese en sosiale toestande in die gebied beïnvloed.

Terwyl die uitbreiding van die moontlikhede vir grondbesit inderdaad 'n bydrae tot die styging in die getal Bruin inwoners gelewer het, was dit 'n uiters geringe faktor ten opsigte van die Swart bevolkingstoename. Gedurende die dertigerjare is 125 erwe aan

17. KA, 4/PEZ 1/1/1/5 Council Minutes, 8.1.1909.

18. Talryke voorbeelde van sulke aansoeke om lisensies is te vind in KA in die notules van die P.E. afdelingsraad 1906-1933 (4/PEZ 1/1/1/5-10), die notules van die Raad van Opsieners 1909-1916 (3/BTP 1/2-3), en die notules van die Plaaslike Raad 1922-1936 (3/BTP 1/1/1-2).

19. SA, NTS 150 lêer 3/31 Bethelsdorp Mission Station: M. Hart — Magistrate, P.E., 14.7.1923; KA, 4/PEZ 1/1/1/6 Council Minutes, 14.9.1923.

20. SA, GES 909 lêer 620/13 Sanitation Bethelsdorp: verslag aan Acting Sec. for Public Health, 12.12.1931.

21. KA, 3/BTP 2/1/1 Correspondence Files no. 18/1/1 Precepts, Instructions & Regulations: verslag deur C.A. Heald (Inspekteur van Stedelike Lokasies), 1.3.1943; *Ibid.*: Dist. Commandant (S.A. Police) — Magistrate P.E., 31.8.1940; *Ibid.*: Urbanised Areas Administration Committee — Min. of Public Health, 17.6.1939 ("Interim Report 46"); SA, GES 909 lêer 620/13: "Report on Bethelsdorp by the Inspector of Native Urban Locations and the Assistant Native Commissioner", P.E., 24.8.1936; *Ibid.*: E. Drennan — Sec. for Public Health, 12.1.1936 ("Report of Sanitary Inspection of Bethelsdorp"); *Ibid.*: T.M.G. Smith — Chairman & Members Divisional Council P.E., 8.7.1937 ("Report re housing, sanitation and general conditions in Bethelsdorp ..."); P.E. Divisional Council (PEDC), Minute Book, 17.12.1937; *Minute of the Mayor*, 1924, p. 28 en 1940, p. 85.

22. Ordonnansie 3/1931, gepromulgeer 1.5.1931.

23. Vgl. Hattingh en Olivier, "Swart Verstedeliking in Suid-Afrika ..." in Van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking*, p. 36, fig. 4.

Bruin- maar slegs 20 aan Swartmense verkoop.<sup>24</sup> Onder laasgenoemde was die verskil tussen die getal grondeienaars en die totale bevolking altyd aansienlik. Teen 1931 was uit 'n bevolking van 1 439 slegs 37 geregistreerde belastingbetalers (dit wil sê grondeienaars).<sup>25</sup> Sewe jaar later was daar net 24 Swart eienaars onder 'n Swart bevolking van 1 233 in Veeplaas, terwyl 21 van die 28 volwasse lidmate van die Kongregasionalistiese Kerk in Kleinskool bestempel is as "of the tenant class of Native".<sup>26</sup> Dit is dus duidelik dat die heersende toestande wat tot toenemende verstedeliking dwarsoor Suid-Afrika gelei het, groot getalle Swart immigrante ook na ons studiegebied laat gaan het. Maar dit moet ook vir die Bruin bevolking geld, aangesien genoemde erweverkoping geensins die enigste bydraende faktor tot die styging in hulle getalle kon gewees het nie. Op hierdie wyse is die bevolking deur immigrantehuurdere aangevul wat blyplek op die erwe van grondeienaars opgerig het. Terwyl eersgenoemde sodoende min of meer permanente residensiële sekuriteit bekom het, het laasgenoemde natuurlik finansiële voordeel daaruit getrek. Vir 'n tydgenootlike waarnemer het hierdie toestande die hele gebied omskep tot "more or less a collection of private locations."<sup>27</sup> Plakker en grondeienaar is egter deur hierdie proses in 'n sensitiewe en wederkerige voordelige verhouding saamgesnoer.<sup>28</sup>


Soos algemeen bekend, het Swart immigrasie na die stede gedurende die eerste helfte van die eeu feitlik onbeperk voortgeduur. Sedert veral 1936 het die vestiging van 'n toenemende getal Swart vrouens in die stede hierdie proses nie slegs aangehelp nie, maar ook die groeiende behoefte aan huisvesting op 'n gesinsbasis al sterker beklemtoon. Plakker as 'n bestaanswyse het dus 'n permanente kenmerk van die stedelike landskap geword waardeur, soos elders in ontwikkelende gebiede, veral behuising en gesondheidstoestande skerp onder die aandag gekom het.<sup>29</sup>

Ook in die Bethelsdorpse nedersetting het die verstedelikingsproses die tradisionele omgewing verder beïnvloed deur 'n geleidelike toename in die bevolkingsdigtheid gedurende die dertiger- en vroeë veertigerjare, soos tabel 1 aantoon.<sup>30</sup> 'n Gebrek aan inligting maak 'n verduideliking van die wisselinge van jaar tot jaar onmoontlik. Tog is dit duidelik dat die bevolkingsdigtheid in die hele nedersetting gedurende hierdie tyd met 66% toegenem het. Voorts is die toestande in Bethelsdorp, dit wil sê die historiese dorpie, opmerklik deurdat geen betekenisvolle verandering daar voorgekom het nie. Alhoewel periodieke

- 
24. A. Appel, "Grondbesetting en Grondbesit in Bethelsdorp, 1828—1945" (Ongep. Referaat, Vierde Tweejaarlikse Konferensie van die Ekonomiese Geskiedenisvereniging van Suid-Afrika, Rhodes-Univ., Julie 1986).
  25. KA, 3/BTP 2/1/1 Correspondence Files no. 18/1/1 Precedents ...: Heald se verslag, 1.3.1943, par. 3.
  26. KA, 3/BTP 2/1/3 Correspondence Files no. 18/4/5 Applications for Hospital Sites: Native Commissioner P.E. — Chief Native Commissioner, 22.11.1938 en Correspondence Files no 18/4/4 Church Sites: Native Commissioner P.E. — Chief Native Commissioner, 3.8.1938.
  27. SA, NTS 150 lêer 3/31 Bethelsdorp Mission Station: Chief Native Commissioner — Sec. Native Affairs, 15.2.1932.
  28. Kyk bv. *ibid.*: M. Adams — Native Commissioner P.E., 6.9.1932; *ibid.*: Sekr. Naturellesake — Private Sekr., Minister van Arbeid, 26.10.1933; *ibid.*: Chief Native Commissioner — Sec. Native Affairs, 15.2.1932.
  29. Hattingh en Olivier, "Swart Verstedeliking in Suid-Afrika ..." in Van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking*, pp. 29, 33—35; Booysen, "Bevolkingsverhoudinge binne Suid-Afrika" in *ibid.*, p. 21; N. Goodman and G.T. Marx, *Society Today* (4th ed., New York, 1982), p. 453; Smit en Booysen, *Swart Verstedeliking*, pp. 18—21.
  30. Dit geld slegs vir die oppervlakte wat in erwe opgemeet was. Vroeëre syfers vir die afsonderlike dorpies is nie beskikbaar nie. Weens 'n onbekende rede is die bevolkingopgawe vir 1943 dieselfde as dié vir 1942.

GRAFIEK 1


BEVOLKING, 1825 - 1946





GRAFIEK 2

PERSENTUELE SAMESTELLING VAN BEVOLKING, 1865 - 1946



klages oor die algemene sindelike geopper is, het die bevolkingsvloei hierdie omgewing dus relatief onaangeraak gelaat. Daarteenoor is die toename in bevolkingsdigtheid in die drie ander dorpie van veel groter omvang: 72% in Kleinskool, 66% in Veeplaas en soveel as 215% in Missionvale. Hierdie beeld rym dus met talle tydgenootlike waarneminge oor die invloei van mense in hierdie dele van die nedersetting,<sup>31</sup> alhoewel die presiese aandeel van Swart- en Bruinmense onderskeidelik daaraan nie bepaal kan word nie. Die buitengewoon hoë styging in Missionvale hang ongetwyfeld deels saam met die reeds genoemde verkoop van 34 erwe hier gedurende die dertigerjare as uitvloeisel van die "Bethelsdorp Skikkingswet", as gevolg waarvan hierdie dorpie as 'n residensiële sentrum eintlik eers begin ontwikkel het. In die lig van die genoemde klein persentasie Swart grondbesitters is dit dus verstaanbaar waarom die Plaaslike Raad selfs die kerkraad van die Bethelsdorpe Kongregasionalistiese Kerk se hulp opgesoek het om middele te beraam "in preventing the influx influence(sic) of natives residing from outside areas ..."<sup>32</sup> Tog moet ook 'n ander perspektief behou word. Die meeste erwe in Kleinskool, Veeplaas en Missionvale is oorspronklik in 5 morg (10 acre)-eenhede as sogenaamde tuinerwe opgemeet,<sup>33</sup> sodat bogenoemde bevolkingsdigtheid hier heel ander toestande geskep het as dié op die veel kleiner stadserwe in sommige dele van Port Elizabeth.<sup>34</sup>

Die behoefte aan huisvesting was 'n vanselfsprekende uitvloeisel van 'n vermeerderende bevolking. Tabel 2<sup>35</sup> toon inderdaad dat die toename in die getal huise heeltemal met die bevolkingsvermeerdering tred gehou het. Terwyl die totale bevolking en bevolkingsdigtheid in hierdie tydperk met 52% en 66% onderskeidelik toegeneem het, het die getal huise in die nedersetting met 72% vermeerder. Voorts word die buitengewone posisie van die oorspronklike dorpie (Bethelsdorp) weer eens bevestig deurdat die sosiale veranderinge in terme van 'n toename in huise eintlik heeltemal by dié groep inwoners verbygegaan het. Die immigrasie na die ander drie residensiële sentra het egter 'n sigbare omvorming van die omgewing teweeggebring. In Veeplaas het die aantal huise met 78% toegeneem, in Kleinskool met 56% en in Missionvale met 262%. Die oënskynlik feitlik totale

TABEL 1: BEVOLKINGSDIGTHEID PER MORG, 1934–1942

	1934	1935	1936	1937	1938	1939	1940	1941	1942
Bethelsdorp	18,7	17,8	19,0	20,4	17,9	20,1	19,0	15,3	18,1
Kleinskool	9,5	11,1	10,8	10,3	12,6	16,0	13,8	14,4	16,3
Veeplaas	19,5	21,2	20,6	19,1	24,0	28,2	29,1	35,7	32,3
Missionvale	5,5	7,3	9,4	9,5	13,4	10,5	17,9	19,8	17,3
	13,9	15,3	15,5	14,9	17,9	20,5	21,2	23,9	23,1

31. Kyk bv. genoemde verslae en korrespondensie in verw. 21.

32. KA, 3/BTP 1/1/1 Board Minutes, 13.10.1926.

33. Kantoer van die Landmeter-generaal, Kaapstad: "General Plan 1860 II of the Land in the Occupation of the Missionary Institution Bethelsdorp ...", Okt. 1876 (afskrif).

34. Vgl. bv. die opmerking hieroor in genoemde verslag (verw. 21) deur C. A. Heald, 1.3.1943, par. 17 asook in U.G.41-1945 *Tweede jaarsverslag ... van die Adviserende Kleurlingraad ...*, Apr. 1944 – Maart 1945, p. 50.

35. Jaarlikse gesondheidsverslae opgestel deur die sekr. van die Plaaslike Raad in SA, GES 909 lêers 620/13 en 620/13A vir 1935–1941, 1944 en dié vir 1942–1943 in KA, 3/BTP 2/1/9 Correspondence Files no. U3. Dieselfde opmerking ten opsigte van die syfers vir 1942 en 1943 in verw. 30 geld ook hier, terwyl die opvallend laer getalle vir Veeplaas in 1942 en 1943 in vergelyking met 1941 ook onverklaarbaar is.

gebrek aan beheer deur die Plaaslike Raad oor die oprigting van veral die swakker gehalte woonstrukture, waarvoor aanstons meer, maak dit begryplik.

TABEL 2: *GETAL HUISE, 1935—1944*

	1935	1936	1937	1938	1939	1940	1941	1942	1943	1944
Bethelsdorp	106	112	113	118	112	112	115	109	109	114
Kleinskool	180	190	130	140	203	199	200	270	270	280
Veeplaas	380	380	355	375	471	548	540	391	391	677
Missionvale	40	50	69	80	77	141	168	139	139	145
<b>TOTAAL</b>	<b>706</b>	<b>732</b>	<b>667</b>	<b>713</b>	<b>863</b>	<b>1 000</b>	<b>1 023</b>	<b>909</b>	<b>909</b>	<b>1 216</b>

Die kern van hierdie behuisingskwessie behels twee aspekte: die begrip "huis" en die aard van die boumateriaal. Oor eersgenoemde bestaan geen sekerheid nie. Op grond van die beskikbare inligting moet aanvaar word dat die huisvesting in die studiegebied in terme van grootte aansienlik gewissel het. Enersyds is daar byvoorbeeld verwysings na die "wattle and daub huts" van die Swartmense asook "hovels" en "shanties". Andersyds was daar steenhuse wat kennelik ruimer huisvesting gebied het. Aangesien besonderhede oor die grootte van die huise en ander woonstrukture egter ontbreek, kan geen bevredigende beeld van die oorbewoningskwessie gevorm word nie. Slegs vae verwysings daarna bestaan.<sup>36</sup> Dit moet egter aanvaar word dat oorbesetting die grootste afmeting in die tipiese plakkerskrotte aangeneem het, 'n verskynsel wat in ander stede soos Kaapstad en Durban vry algemeen was.<sup>37</sup>

Daarteenoor is die tweede aspek, naamlik die aard van die boumateriaal, veel duideliker omdat die fisiese voorkoms van die groeiende getal huise en woonplekke uiteraard opsigtelik was, veral soos deur Westerse oë waargeneem. Gedurende die twintigerjare is verwys na die "slum properties" en "wood and iron shanties and huts" wat ôf op die meent ôf op die erwe in Kleinskool en Veeplaas besig was om opgerig te word.<sup>38</sup> Dwarsdeur die ekonomies moeilike dertigerjare tot aan die einde van ons studietydperk is verskeie uitdrukkinge, almal deur Wit outeurs, gebruik om die gehalte van hierdie konstruksies en die boumateriaal daarvan te beskryf: "dilapidated"; "the ubiquitous bitumen and oil drum iron"; "odd lengths of deal and ... the rough undressed stems of trees"; "shanties (of the) most undesirable type"; "various non-descript materials, such as bits of tin, sacking etc."; "wood and iron, planking, branches plastered with clay and tin sheeting ..."; "abominable wood and iron shacks".<sup>39</sup> Daar was egter ook gunstige kommentaar oor sommige huise, veral in Bethelsdorp (die dorpie), Kleinskool en Missionvale.<sup>40</sup> 'n Verdere aan-

36. Drennan se verslag, 12.1.1936, pp. 5–6 en Smith se verslag, 8.7.1937, p. 23 (albei soos in verw. 21), asook sommige van bogenoemde gesondheidsverslae (verw. 35).

37. Booyesen, "Bevolkingsverhoudinge" in Van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking*, p. 21.

38. KA, 4/PEZ 1/1/1/6 Council Minutes, 11.6.1920, 13.8.1920 en 8.6.1923; SA, NTS 150 lêer 3/31 Bethelsdorp Mission Station: M. Hart — Magistrate P.E., 14.7.1923.

39. KA, 3/BTP 1/1/2 Board Minutes, 8.1.1934; T.M.G. Smith se verslag, 8.7.1937, p. 13 (soos in verw. 21); PEDC, Minute Book, 10.3.1938; "Interim Report 46", par. 15 (soos in verw. 21); KA, 3/BTP 2/1/1 Correspondence Files no. 18/1/1 Precedents ...: Dist. Commandant (S.A. Police) — Magistrate P.E., 31.8.1940; Heald se verslag, 1.3.1943, par. 17 (soos in verw. 21).

40. Kyk bv. die vlg. reeds genoemde verslae: Drennan, 12.1.1936, p. 5; Smith, 8.7.1937, pp. 12–13; Heald, 1.3.1943, par. 17; U.G. 41-1945, p. 50.

duiding van die omvang van hierdie laegraadbehuising wat mettertyd op sekere erwe operig is, kan aan die hand van enkele voorbeelde uit die waardasielys van 1941 verkry word (tabel 3).<sup>41</sup> Dit is dus klaarblyklik dat wat aan die begin van die veertigerjare vir 'n "dwelling" en 'n "shanty" deurgegaan het soms na kwalitatief ongeveer dieselfde boustrukture verwys het. Die gemiddelde waardasie van hierdie kategorie "dwelling (shanty)" wissel van ongeveer £5 tot £20, terwyl die 12 konstruksies wat as "rooms etc." beskryf is feitlik dieselfde gemiddelde waardasie as sommige "shanties" het, t.w. ongeveer £10. Heel waarskynlik is hierdie gegewens van die betroubaarste getuienisse van die uitwerking van verstedeliking op ons studiegebied. Vir 'n loonarbeider met 'n beperkte inkomste wat nie munisipale huisvesting kon bekostig of wou bekom nie, was daar weinig ander keuse as om op oorskotmateriaal terug te val. Soos reeds genoem, het heelwat daarvan glo onder andere uit die opgeruimde krotte van veral Korsten gekom. Voorts was die Plaaslike Raad nooit op enige wyse finansiële daartoe in staat om 'n behuisingskema aan te pak nie. Daar was breedvoerige bouregulasies<sup>42</sup> en inderdaad pogings om dit in die praktyk af te dwing.<sup>43</sup> 'n Gebrek aan fondse en gevolglik 'n onvermoë om die administratiewe personeel doelmatig uit te brei het egter tot die toestand gelei waar groot getalle woonstrukture onbeperk en onbeheerd operig kon word.<sup>44</sup> In hierdie opsig het die druk van die verstedelingsproses die gebrekkige diensleweringvermoë van die Plaaslike Raad sterk onder die soeklig geplaas.<sup>45</sup>

TABEL 3: ENKELE EIENDOMSWAARDASIES, 1941

<i>Erf</i>	<i>Beskrywing</i>	<i>Waardasiebedrag (£)</i>
Veeplaas 239	4 "dwellings"	20
Veeplaas 204	10 "dwellings (shanties)"	100
Veeplaas deel van 193	9 "dwellings (shanties)"	175
Veeplaas 217	4 "dwellings (shanties)"	85
Veeplaas 214	10 "dwellings (shanties)"	60
Missionvale 280	12 "rooms (etc.)"	125
Veeplaas 165	22 "shanties and room"	120
Veeplaas 215	"dwelling, 34 shanties"	190

Tydenootlike evaluering van die huise en woonstrukture vertoon 'n uiteenlopende beeld. Gedurende 1937 is 'n breedvoerige ondersoek deur T.M.G. Smith na die toestande in die nedersetting vir die afdelingsraad van Port Elizabeth uitgevoer. Daarvolgens was 82% (d.i. 533) van die geïnspekteerde huise ongeskik vir verdere bewoning.<sup>46</sup> Ses jaar later het C.A. Heald, inspekteur van stedelike lokasies van die Departement van Naturellesake,

41. KA, 4/PEZ 7/1/1/35 Valuation Roll, 1940—1941.

42. *Cape of Good Hope Official Gazette*, 19.10.1923, pp. 524—532: "Bethelsdorp Local Board General Series of Regulations" (vir bouregulasies kyk klousule 20—42).

43. In die notules van die Plaaslike Raad is daar talle gevalle. Vir enkele voorbeelde kyk: KA, 3/BTP 1/1/2, 18.4.1932, 9 en 10.10.1933, 20.8.1934, 10.6.1935, 8.7.1935, 12.8.1935 en 3/BTP 2/1/1 Correspondence Files no. 18/1/6 Meetings and Agenda, 12.4.1937, 14.6.1937, 8.3.1943, 8.11.1943.

44. PEDC, Minute Book, 23.5.1935; die reeds genoemde verslag van Heald, 1.3.1943, par. 16; Dist. Commandant (S.A. Police) — Magistrate P.E., 31.8.1940 (soos in verw. 39).

45. Vgl. C. Thornhill, "Regerings- en administratiewe reëlings vir 'n stedelike gemeenskap" in Van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking*, pp. 87—90.

46. T.M.G. Smith se verslag (soos in verw. 21), 8.7.1937, p. 3 van die "Memorandum ..." daarby.

'n nog omvattender verslag oor die gebied opgestel. Volgens hom was Smith se statistieke gebaseer "on an idealistic rather than a realistic standard" en moes feitlik al die huise wat sedertdien in Veeplaas opgerig is as onbewoonbaar beskou word.<sup>47</sup> Aan die einde van 1944 het 'n kommissie van die Adviserende Kleurlingraad, ná 'n vierdaagse ondersoek ter plaatse, ongeveer vyf-sesdes van al die huise as ongeskik vir bewoning beskou.<sup>48</sup> Maar pas ná hulle oorname van die administrasie van hierdie nedersetting in Mei 1945 het die afdelingsraad se gesondheidsamptenaar met 'n omvattende opname daarvan begin. Volgens hom was slegs 10% van die woonstrukture in Bethelsdorp asook Missionvale en 8% in Kleinskool en 30% in Missionvale as "Baie swak" beskou. Die grootse groep huise in elk van hierdie drie sentra is as "swak" geklassifiseer: Missionvale 43%, Bethelsdorp 55%, Kleinskool 66%.<sup>49</sup> Daar bestaan geen rede om te glo dat tussen die besoek van die kommissie van die Adviserende Kleurlingraad aan die einde van 1944 en hierdie opname deur die afdelingsraad 'n jaar later wesenlike veranderinge in die huisvestingskwessie in die nedersetting plaasgevind het nie. Klaarblyklik het ons dus hier met skerp verskille in persepsies van die situasie te doen, en dit juis terwyl drie van die genoemde vier evalueringe deur Blanke amptenare gedoen is. Daarmee word die probleem vir die student van verstedelingsgeskiedenis geensins geringer nie.

Toenemende bevolkingsgroei en die haas onbeheerde oprigting van gebrekkige behuising het uiteraard die heersende gesondheidstoestande al skerper onder die soeklig geplaas. Alhoewel dit as seker aanvaar moet word dat selfs teen die twintigerjare geen huise oor sanitêre geriewe beskik het nie, het daar beslis in sommige oorde 'n bewussyn van die noodsaaklikheid vir die beheer oor die gesondheidstoestande bestaan. Gedurende 1915 het die Kongregasionalistiese leraar, eerw. F. Scheepers, die Raad van Opsieners versoek om iets ten opsigte van die "W.C.'s op de buiten lijnen" van die nedersetting te doen.<sup>50</sup> Vroeg in 1921 is besluit om stappe teen C. Frank te doen omdat hy 'n afgeslagte oskarkas begrawe het as gevolg waarvan die stank in die hele omgewing versprei het.<sup>51</sup> Met die totstandkoming van die Plaaslike Raad in 1922 is breedvoerige bepalinge in verband met die bou en bediening van die "sekreet gerieflikheid", waarvan elke huis voorsien moes wees, neergelê.<sup>52</sup> Tot die middel van die volgende dekade was dit egter grootliks 'n dooie letter.

Die geleidelike uitbreiding van die munisipale gebied het ongetwyfeld openbare aandag op die algemene gesondheidstoestande in hierdie periferiegebied gerig. Gedurende die dertiger- en veertigerjare is verskeie verslae oor die studiegebied opgestel waarin sowel plaaslike owerhede as regeringsdepartemente meer of minder skerp kritiek op onder andere die volende kwessies gelewer het: onvoldoende sanitêre geriewe, 'n uiters beperkte watervoorraad, die afwesigheid van gesondheidsdienste, gebrekkige behuising en rondloperdiere in die dorpie.<sup>53</sup> Dit het toenemende druk op die beperkte finansiële en adminis-

47. Heald se verslag (soos in verw. 21), 1.3.1943, par. 17.

48. U.G. 41-1945, p. 50.

49. PEDC, Minute Book: D. Harwood-Nash — Bethelsdorp Local Area Committee, 4.10.45, 6.11.45, 4.2.1946. Statistiek vir Veeplaas is ongelukkig nie byderhand nie.

50. KA, 3/BTP 1/3 Council Minutes, 3.5.1915.

51. KA, 3/BTP 1/1/1 Council Minutes, 14.2.1921.

52. Kyk genoemde Regulasies in verw. 42, klousule 76—83.

53. SA, GES 909 lêer 620/13 Sanitation Bethelsdorp: Verslag van L. Fourie (asst. gesondheidsbeampte), 12.12.1931; verslag van E. Drennan (asst. gesondheidsbeampte), 12.1.1936; T.M.G. Smith se verslag, 8.7.1937 (soos in verw. 21); KA, 3/BTP 2/1/1 Correspondence Files no. 18/1/1 Precedents ...: C.A. Heald se verslag, 1.3.1943 (soos in verw. 21).

tratiwe vermoëns van die Plaaslike Raad geplaas. Sedert die middel van die dertigerjare het hulle gevolglik pogings aangewend om die oprigting van gemakshuises op alle persele af te dwing, maar die dreigemente van wetlike optrede teen veronagsaming of versuim het blykbaar nooit werklikheid geword nie.<sup>54</sup> Ten spyte van die stadsclerk van Port Elizabeth se bedenkinge, het die Plaaslike Raad hulle twee onopgeleide veldwagters ook as sanitêre inspekteurs aangestel. Selfs die Departement van Gesondheid moes hierdie onbevredigende reëling gelate aanvaar in die lig van die finansiële posisie van genoemde Raad.<sup>55</sup> Voorts is gedurende 1938 'n ooreenkoms met die stadsraad bereik waarvolgens hulle gesondheidsdepartement die hele Bethelsdorpse nedersetting twee keer per maand sou besoek met die oog op algemene inspeksie en rapportering, sonder om enigsins die beheer van gesondheidsake daar oor te neem. Die Plaaslike Raad het £40 jaarliks daarvoor begroot.<sup>56</sup> Vroeg in 1940 het laasgenoemde hierdie inspeksies laat staak: dit het geen "useful purpose" gedien nie en die koste daarvan was te hoog.<sup>57</sup>

Afgesien van gebrekkige huisvestinggeriewe en onbevredigende sanitêre geriewe wat onder die druk van 'n toenemende bevolking openbare kommentaar uitgelok het, is dit nie so maklik om 'n beeld van die heersende gesondheidstoestand te kry nie. Een aanduiding daarvan word in die aantal aangemelde gevalle van aansteeklike siektes gevind (tabel 4).<sup>58</sup> By die afwesigheid van enige vorm van gesondheidsdienste en -toesig moet aanvaar word dat die statistiek in hierdie tabel nie die hele verhaal vertel nie. Nogtans is dit duidelik dat die voorkoms van tuberkulose baie hoog was deurdat die aangetekende gevalle 72% van alle aanmeldings verteenwoordig.

TABEL 4: AANTAL AANSTEEKLIKE SIEKTEGEVALLE AANGEMELD, 1934—44

	TUBERKULOSE	ANDER	TOTAAL
1934	16	15	31
1935	20	4	24
1936	18	9	27
1937	17	9	26
1938	27	9	36
1940	12	3	15
1942	18	3	21
1944	22	5	27
TOTAAL	150	57	207

Dit strook minstens met dr. E. Drennan, assistent-gesondheidsbeampte van die Departement van Gesondheid, se persoonlike waarneming in 1936 dat tuberkulose "very rife" in die hele nedersetting was.<sup>59</sup> By gebrek aan vergelykende statistiek bly 'n betroubare evaluering van die situasie onmoontlik. Wat wel seker is, is dat die gebied geensins

54. Bv. KA, 3/BTP 1/1/2 Board Minutes, 12.3.1934, 9.4.1934, 9.9.1935, 11.11.1935.  
 55. SA, GES 909 lêer 620/13 Sanitation Bethelsdorp: G. Stuurman — Sec. Public Health, 7.12.1934 en Under Sec. Public Health — Town Clerk P.E., 18.1.1935.  
 56. *Ibid.*: H. Tredwell — Native Commissioner P.E., 5.8.1938; KA, 3/PEZ 1/1/1/60 Council Minutes, 27.6.1938, pp. 28—29 (Report Health and Abattoir Com.) en 3.8.1938, pp. 262—263.  
 57. KA 3/BTP 2/1/2 Correspondence Files no. 18/1/6 Meetings and Agenda, 8.4.1940.  
 58. Die gesondheidsverslae van die Plaaslike Raad in SA, GES 909 lêer 620/13. Dit behandel telkens die jaar wat op 30 Junie geëindig het. Vir die ontbrekende jare is statistiek nie bekend nie, of onduidelik.  
 59. Kyk sy verslag, soos in verw. 53, p. 5. Vgl. E. Theron, "Die Kleurling en Maatskaplike Probleme" in *Die Kleurlinge in die Suid-Afrikaanse Samelewing ...* (SABRA, Kaapstad, 1955), p. 32.

buitengewone toestande beleef het nie. Dit word bevestig deur 'n uittreksel uit die statistiek van die toelatings uit al die buitestedelike gebiede tot die Elizabeth Donkin-hospitaal in Port Elizabeth, wat in 1938 vir die behandeling van aansteeklike siektes in gebruik geneem is. Gedurende 1941–1945 was die toelatings uit die studiegebied tussen 1,3% en 3,3% van die totale gevalle met 'n eenmalig onverklaarbaar hoë syfer van 6,4% in 1940.<sup>60</sup> Hierdie beeld word voorts deels deur die beskikbare sterftesyfers vir die Bruin inwoners van die studiegebied gedurende 1936–1944 bevestig.<sup>61</sup> Daarvolgens was dié gemiddelde syfer vir hierdie jare 25,9% teenoor 'n Suid-Afrikaanse gemiddelde syfer van 23,5.<sup>62</sup> Minsstens onder hierdie deel van die inwoners, wat in genoemde jare ongeveer 48% van die totale bevolking in die nedersetting gevorm het, was daar dus geen buitengewoon hoë voorkoms van sterftes nie.

Terwyl toestande binne die Bethelsdorpse nedersetting onder die toenemende druk van verstedeliking ongetwyfeld geensins bevredigend maar klaarblyklik ook nie buitengewoon was nie, val die deur eibelang gerigte persepsies daarvan in blanke stedelike en owerheidskringe op. Heel waarskynlik moet dit verstaan word in die lig van vroeëre reaksies op onder andere die uitbreek van builepes in die stad gedurende Maart 1901 wat tot die gedwonge verwydering van Swart- en Bruinmense uit die munisipale gebied en die ontstaan van Korsten en Dassieskraal as onbeheerde plakkersomgewings gelei het. Hierdie reaksie kan gesien word binne die konteks van 'n ontwikkelende "sanitation syndrome" waarvolgens Swart verstedeliking gelykgestel is met bedreiging vir die openbare gesondheid en veiligheid. Daardeer is die begeerte tot die sosiale beheer van die stedelike omgewing, met 'n sterk segregasionistiese inslag, slegs verder versterk.<sup>63</sup> Vroeg in 1934 het die sekretaris van Openbare Gesondheid die "far from satisfactory" toestande in die studiegebied onder die aandag van die Port Elizabethse stadsraad gebring.<sup>64</sup> Die ligging daarvan, tussen die stad en Uitenhage,

"forms a definite threat to the health of Port Elizabeth and an outbreak of infectious disease would involve your Council in heavy expenditure."

Daarom moes die stadsraad dit oorweeg om die sanitêre beheer van Bethelsdorp oor te neem. Die koste daarvan sou deur dié raad gedra moes word. Dit sou egter gering wees

"when compared with the measure of protection which such control would afford to the interests and health of Port Elizabeth ..."

Twee jaar later het genoemde Drennan in sy verslag oor die nedersetting hierdie perspektief herhaal deur dit as "a potential source of danger" vir die stad te bestempel. Daarom sou die doelmatige beheer van gesondheidsake daar "in the common interest" wees.<sup>65</sup> Gedurende 1940 het die voorsitter van Redhouse se dorpskomitee, 'n nedersetting net noord van Veeplaas langs die Swartkopsrivier, sy ernstige sorg oor die toestande in laasge-

60. Die onderskeie *Minutes of the [P.E.] Mayor*: 1940, p. 111; 1941, p. 118; 1942, p. 88; 1943, p. 75; 1944, p. 74; *Annual Report of the Medical Officer of Health*, P.E. Municipality, 1945, pp. 57–58.

61. Die gesondheidsverslae van die Plaaslike Raad in SA, GES 909 lêers 620/13 en 620/13 A. Die statistiek ten opsigte van die Swart inwoners is ongelukkig nie bruikbaar nie.

62. Sadie in *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede*, Jul. 1954, p. 24, tabel 7.

63. KA, C.O.8765 Local Government and Health Branch, Folio 78c: Dr. A. John Gregory — Under Colonial Secretary, 18.9.1905 ("The sanitary control of Korsten and Dassies Kraal"); M.W. Swanson, "The Sanitation Syndrome: Bubonic Plague and Urban Native Policy in the Cape Colony, 1900–1909", *Journal of African History*, vol. 18, no. 3, 1977, pp. 387–410.

64. Afskrif daarvan in KA, 3/PEZ 1/3/2/10/2 Health and Markets Committee Agenda, 16.4.1934.

65. Kyk sy verslag, p. 5 soos in verw. 53.

noemde dorpie uitspreek. Aangesien 'n groot getal van Veeplaas se inwoners in die stad, Redhouse self en Swartkops ('n ander blanke nedersetting) gewerk het, het hulle "a very evident menace" vir die openbare gesondheid in daardie sentra gevorm.<sup>66</sup> In sy berigging oor die stadraad se besluit in Julie 1941 tot die inlywing van die Bethelsdorpse nedersetting het die *EP Herald* (18 Julie) by hierdie uitsluitlik stadgesentreerde perspektief aangesluit. 'n Verslag van die stad se mediese gesondheidsbeampte oor die studiegebied is genoem waarin "the danger to the City of slums developing on the municipal borders" uitgewys is. Voorts is verwys na ander vertoë dat dié gebied "constitutes a grave danger and threat to the public health" van die stad.

Slegs deur middel van enkele vergelykende situasies kan egter 'n redelik betroubare perspektief verkry word. Reeds teen 1932 was die Port Elizabethse afdelingsraad by sanitasiemaatreëls in sommige westelike buitestedelike gebiede (Salisbury Park, Mount Pleasant, Fairview South, Springfield) betrokke en is die inlywing daarvan by die munisipaliteit van Walmer juis as 'n middel tot doeltreffende beheer geopper.<sup>67</sup> Binne die munisipale grense self is die stadsraad oor talle jare met die gepaardgaande uitvloeiels van verstedeliking gekonfronteer. Aan die einde van 1934, byvoorbeeld, het die mediese gesondheidsbeampte 72 wonings in Noordeinde bestempel as "to be injurious or dangerous to health and likely to favour the spread of infectious disease."<sup>68</sup> Dieselfde jaar het die afdelingskontroleur van die poskantoor die stadsraad versoek om iets aan die feitlik onhoudbare stank in Korsten (sedert 1931 deel van die munisipale gebied) te doen, anders sou die huisaflewering van pos gestaak word.<sup>69</sup> Maar selfs in groter landelike sentra het toestande kommentaar uitgelok. Na aanleiding van sy besoek aan Graaff-Reinet in 1943 het die voorsitter van die Adviserende Kleurlingraad die nie-blanke woonbuurt daar as "een van die slegste en een van die mees onhygiëniese lokasies in die Unie" bestempel.<sup>70</sup>

Die verstedelikingsproses in en om Port Elizabeth het ons studiegebied dus op twee vlakke getref: dié van die werklikheid en dié van die persepsie. As 'n periferiegebied van die naderkruipende stad het Bethelsdorp as 'n 20ste-eeuse toevlugsoord gedien vir daardie inwoners wat nie beheerde en duurder huisvesting binne die munisipale gebied kon of wou bekom nie. Uitwyking na 'n woonplek verder van die stedelike werkplek af was dus vir talle 'n eie keuse lank voordat apartheidswetgewing dit tot 'n Suid-Afrikaanse stedelike patroon geïnstansionaliseer het. Alhoewel die stedelike krotomgewing nie in Bethelsdorp ontwikkel het nie, is nogtans toenemende druk op die bestaande residensiële en sosiale geriewe geplaas. Die finansiële en administratiewe onvermoë van die Plaaslike Raad het groeiende ongunstige openbare kommentaar op die toestande binne dié gebied bevorder. Beoordeel vanuit 'n vergelykende perspektief, was heelwat daarvan egter impressionisties en geformuleer in terme van uitsluitlik stedelike belange. Klaarblyklik het ons hier 'n voorafskaduwing van die hedendaagse debatte oor onder meer die behuisingsprobleem en die mate waarin selfbouskemas as 'n gedeeltelike oplossing daarvan aanvaar moet word.<sup>71</sup> Heel waarskynlik het die versteurde stedelike omgewing, as 'n onaanvaarbare uitvloeisel van verstedeliking, bygedra tot die intensiteit waarmee die persepsie van hierdie periferiegebied gevorm is.

66. SA, GES 909 lêer 620/13 Sanitation Bethelsdorp: R.C. Murrell — Sec. of the Interior, 27.9.1940.

67. KA, 4/PEZ 1/1/1/10 Council Minutes, 23.2.1932.

68. KA 3/PEZ 1/1/1/53 Council Minutes, 19.11.1934 (Report of Health and Markets Committee). Vir 'n ander voorbeeld kyk 3/PEZ 1/1/1/51, 21.7.1933 (Report of Native Affairs Committee).

69. KA, 3/PEZ 1/2/1/47 Health and Markets Committee Minutes, 26.3.1934.

70. U.G. 28-1944 *Eerste Jaarverslag oor die Werk van die Adviserende Kleurlingraad*, April 1943 — Maart 1944, p. 23 (aanhangsel 4).

71. Vgl. bv. Smit en Booysen, *Swart Verstedeliking*, p. 106.